TOESTEMMINGSGEBRUIK INGEVOLGE ARTIKELS 12 EN 19 VAN DIE VANDERBIJLPARK DORPBEPLANNING SKEMA 1987

Ek, Mnr C F DE JAGER van PACE PLAN CONSULTANTS, synde die agent van die wettige eienaar van Erf 328 Vanderbijlpark CE 3, gelee te 19 Boniface Straat, Vanderbijlpark, CE 3, gee hiermee kennis ingevolge artikels 12 en 19 van die Vanderbijlpark Dorpbeplanning Skema 1987, kennis dat die eienaar van voornemens is om by die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit aansoek te doen vir sy spesiale toestemming om die bo genoemde eiendom vir n "Plek van Onderrig" te gebruik.

Besonderhede van hierdie aansoek sal gedurende gewone kantoorure ter insae lê te Golden Gate Blvd 29, Vaalpark, of by die kantoor van die Strategiese Bestuurder: Grondgebruiksbestuur, Eerste vloer, Ou Trust Bank Gebou, hoek van President Krugerstraat en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Augustus 2017.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sodanige beswaar of vertoë, by die Strategiese Bestuurder:Ontwikkelings Beplanning, te Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900 en die ondervermelde indien, nie later as 28 dae vanaf 9 Augustus 2017.

Naam: Pace Plan Consultants (Agent),
Adres: Posbus 60784, VAALPARK, 1948
Tel. Nr: (083) 446 5872

Eerste verskyning 9 Augustus 2017

F826

NEW
STAND 328 CE3.
19 BONIFACE ST.

PLACE OF EDUCATION
' CRECHE?!

AANSOEK INGEVOLGE DIE WET OP OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES, 1996 (WET 3 VAN 1996) EN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), SAAMGELEES MET ARTIKEL 2(2) EN REGULASIE 14 VAN DIE WET OP RUIMTELIKEBEPLANNING EN GRONDGEBRUIKSBESTUUR, 2013 (WET 16 VAN 2013), OM DIE DIGTHEIDS HERSONERING VAN ERF 1201, SE 1 DORPSGEBIED: VANDERBIJLPARK WYSIGINGSKEMA H1469.

Ek, A P SQUIRRA van APS STADS- en STREEKBEPLANNERS, synde die Gemagtigde Agent van die Eienaar van bogenoemde Eiendom, geleë aan die Noordoostelike grens van Koos de la Reystraat(No.60), gee hiermee ingevolge bogenoemde Wetgewing kennis, dat ek by die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het om die opheffing van Titelvoorwaardes G(k), H(a), (b), (d) & (e) in Transportakte No. T000080234/2002 van die Eiendom, en die gelyktydige Hersonering daarvan van "Residensieel 1" met n Digtheid van een(1) Wooneenheid per Erf, doeleindes na "Residensieel 1" met n Digtheid van een(1) Wooneenheid per 400m2, doeleindes.
Al die relevante dokumente aangaande die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Adjunk Munisipale Bestuurder: Landbou, Ekonomiese Ontwikkelingsbeplanning en Menslike Nedersettings, Eerste vloer, Development Planning-gebou, hoek van President Kruger- en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vanaf 02 Augustus, 2017 tot 30 Augustus, 2017. Enige persoon wat beswaar teen, of vertoë ten opsigte van die aansoek wil rig, moet dit skriftelik by vermelde Plaaslike Bestuur by bovermelde adres indien of stuur na Posbus 3, Vanderbijlpark 1900. Die besware of vertoë moet die genoemde kantoor op of voor 30 Augustus, 2017, bereik.

Naam en adres van Agent: APS Stads-en Streekbeplanners
Posbus 12311, LUMIER, 1905: Datum van Eerste Publikasie: 02 Augustus, 2017

F786

NEW
KOOS de la REY 60
RESIDENTIAL I.
ONE UNIT PER STAND.
TO
RESIDENTIAL I.
ONE UNIT PER 400m².

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET O OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996) EN DIE VANDE BIJLPARK DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987, GELEES SAAM MET DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING & GRONDGEBRUIK BEHEER, 2013 (WET 16 VAN 2013)

Ek, Mnr. C F DE JAGER van PACE PLAN CONSULTANTS, synde die agent van die wettige eienaar van Erf 160 Vanderbijlpark SW 1, gee hiermee kennis ingevolge Klousule 5(5) van die Gauteng Opheffing van Beperkings Wet 199 dat ek van voornemens is om by die Emfuleni Munisipale Raad aansoek te doen vir die opheffing van sekere beperkende Title voorwaardes soos beskry in die Titelakte van Erf 160 Vanderbijlpark SW 1 geleë te 59 Rossini Boulevar op die hoek van Rossini Boulevard en Totius Straat, Vanderbijlpark SW 1 en gelyktydige wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987 de die hersonering van bogenoemde eiendom vanaf "Residensieel 1" na "Spesia vir 'n drukpers met aanverwante kantore en stoorspasie.
Besonderhede van die aansoek sal ter insae lê gedurende normale kantoorur by die kantoor van die Strategiese Bestuurder: Grondgebruiksbestuur, eerste vloer, Ou Trust Bank Gebou, hoek van President Krugerstraat en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Augustus 2017.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Augustus 2017 skriftelik by die Munisipale Bestuurder by bogemelde adres of by Posbus 3, Vanderbijlpark 1900 ingedien of gerig word gefaks word na (016) 950 55 33.

Adres van agent: Pace Plan Consultants, Posbus 60784, VAALPARK 1948.
Tel: 083 446 5872

Datum van eerste publikasie: 2 Augustus 2017

F79

NEW
STAND 160 SW I.
59 ROSSINI BLVD.
CNR TOTIUS

RESIDENTIAL I TO
SPECIAL FOR.
PRINTING PRESS WITH
OFFICES & STORES.

REPEAT.
92 & 93 ABRAHAM ST
MANTEVREDE

SELF-STORAGE UNITS.

REPEAT
131 ZUURFONTEIN
FROM AGRICULTURAL TO
' PLACE OF ENTERTAINMENT'

NEW
PLOT 20 & 29
RIETSPRUIT
(POTCHEFSTROOM ROAD.
TRUCK STOP: FILLING ST
& SHOPS.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996) EN DIE VANDERBIJLPARK DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987, GELEES SAAM MET DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING & GRONDGEBRUIK BEHEER, 2013 (WET 16 VAN 2013) H1475 BYLAE 925

Ek, Mnr. C F DE JAGER van PACE PLAN CONSULTANTS, synde die agent van die wettige eienaar van Hoewes 92 en 93 Mantervrede Landbouhoewes, gee hiermee kennis ingevolge Klousule 5(5) van die Gauteng Opheffing van Beperkings Wet 1996, dat ek van voornemens is om by die Emfuleni Munisipale Raad aansoek te doen vir die opheffing van sekere beperkende Title voorwaardes soos beskryf in die Titelaktes van die bo genoemde eiendomme, geleë te 92 en 93 Abraham Straat, Mantervrede Landbouhoewes, Vanderbijlpark en die gelyktydige wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987 deur die hersonering van bogenoemde eiendom vanaf "Landbou" na "Landbou" met 'n bylae dat die eiendom vir self-stoor fasaliteite gebruik mag word.

Besonderhede van die aansoek sal ter insae lê gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Strategiese Bestuurder: Grondgebruiksbestuur, eerste vloer, Ou Trust Bank Gebou, hoek van President Krugerstraat en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Augustus 2017.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Augustus 2017 skriftelik by die Munisipale Bestuurder by bogemelde adres of by Posbus 3, Vanderbijlpark 1900 ingedien of gerig word of gefaks word na (016) 950 55 33.

Adres van agent: Pace Plan Consultants, Posbus 60784, VAALPARK 1948. Tel: 083 446 5872
Datum van eerste publikasie: 2 Augustus 2017.

F789

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE VANDERBIJLPARK DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987, INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(ii) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), SAAM GELEES MET DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING & GRONDGEBRUIK BEHEER, 2013 (WET 16 VAN 2013) H 1476 BYLAE 926

Ek, C F DE JAGER van PACE PLAN CONSULTANTS, gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 131 en 'n Gedeelte van Gedeelte 37 van die plaas Zuurfontein 591, I.Q. geleë op 'n Reg van Weg vanaf Vaal Straat, Wes van Vanderbijlpark, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(ii) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, saam gelees met artikel 2 van die Wet op Ruimtelike Beplanning & Grondgebruik Beheer, 2013 (Wet 16 van 2013) kennis dat ek aansoek gedoen het by Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit, om wysiging van die Dorpsbeplanningskema bekend as die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van die volgende:

Gedeelte 131 van die plaas Zuurfontein 591, I.Q vanaf "Landbou" met 'n bylaag, na "Besigheid 1" uitsluitend 'n vul stasie maar met n bylaag vir 'n plek van vermaak, en 'n Gedeelte van Gedeelte 37 van die plaas Zuurfontein 591, I.Q. vanaf "Landbou" met 'n bylaag, na "Besigheid 1" uitsluitend 'n vul stasie maar met n bylaag vir 'n plek van vermaak. Die volgende parameters sal geld vir altwee gedeeltes: Hoogte van 2 verdiepings, Dekking van 75 persent, V.O.V. van 1.5, Bou lyne: 10 meter vanaf die straat, 60 meter vanaf die rivier en/of bo 1975 vloed lyn en 5 meter vanaf die ander grense. Besonderhede van die aansoek sal ter insae lê gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Grondgebruiksbestuur, Eerste Vloer, Ou Trust Bank Gebou, hoek van President Krugerstraat en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Augustus 2017.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet skriftelik binne 28 dae vanaf 2 Augustus 2017, by of tot die Munisipale Bestuurder, by bovermelde adres of by Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900 of faks: (016) 950 5533 ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Pace Plan, Posbus 60784, VAALPARK, 1948,
Tel: 083 446 5872
Datum van eerste publikasie: 2 Augustus 2017.

F793

TOESTEMMINGSGEBRUIK INGEVOLGE ARTIKEL 2.1 VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996) EN AR-TIKELS 6 EN 7 VAN DIE BUITESTEDELIKE GEBIEDE DORPSBEPLANNING-SKEMA, 1975, GELEES SAAM MET DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING & GRONDGEBRUIK BEHEER, 2013 (WET 16 VAN 2013)

Ek, Mnr C F DE JAGER van PACE PLAN CONSULTANTS, synde die agent van die wettige eienaar van Gedeelte 20 (Gedeelte van Gedeelte 13) van Plaas Rietspruit 583, I.Q en Gedeelte 29 ('n Gedeelte van Gedeelte 1) van die Plaas Rietspruit 583, I.Q., geleë te Plot 20 en 29, Rietspruit op die Potchefstroom Pad, gee hiermee kennis ingevolge artikels 2(1) van die Gauteng Wet op Opheffing va Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996) en Klousule 6 en 7 van die Buitestedelike Ge biede Dorpsbeplanningskema 1975, gelees saam met die Wet op Ruimtelike Be planning & Grondgebruik Beheer, 2013 (Wet 16 van 2013) dat ek by die Emfulen Munisipale Raad aansoek gedoen het vir die gebruik van genoemde eiendom vir doeleindes van 'n "Truck Stop", Vulstasie en aanverwante gerieflikheidswinkels..

Besonderhede van hierdie aansoek sal gedurende gewone kantoorure ter insae lê te Golden Gate Blvd 29, Vaalpark, of by die kantoor van die Strategiese Bestuurder: Grondgebruiksbestuur, Eerste vloer, Ou Trust Bank Gebou, hoek van President Krugerstraat en Eric Louwstraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Augustus 2017.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sodanige beswaar of vertoë, by die Strategiese Bestuurder:Ontwikkelings Beplanning, te Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900 en die ondervermelde indien, nie later as 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Augustus 2017.

Naam van Agent: Pace Plan Consultants.
Adres: Posbus 60784, Vaalpark, 1948, Tel. Nr: (083) 446 5872
Eerste verskyning: 9 Augustus 2017

F82